"handyman" means an employee who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery or equipment, other than machinery or equipment directly used in the manufacture of the products of an establishment, or in painting machinery or equipment and who may effect minor repairs or renovations to buildings but who does not do work normally performed by an artisan;

"inspector" means an employee who is engaged in supervising the work of two or more vanmen;

"law" includes the common law;

"made-up order" means any complete unit delivered from an establishment in compliance or partial compliance with an order which was placed directly with the establishment by a customer in person or by telephone or note;

"manager" means an employee who is charged by his employer with the overall—

(a) supervision over;
(b) responsibility for; and
(c) direction of;

the activities of an establishment and the employees engaged therein;

"motor vehicle" means any power-driven vehicle with an engine capacity exceeding 50 cm³ used for conveying goods and includes a mechanical horse and a tractor;

"overtime" means that portion of any period during which an employee works for his employer in any week or on any day, as the case may be, which is in excess of the respective ordinary hours of work prescribed for such employee in clause 5 (1) or (2), but does not include any period during which—

(a) an employee, other than a shiftworker, works for his employer on a Sunday;
(b) a shift worker works for his employer during his free period;

"packer" means an employee who is in charge of the receiving, checking, assembling or packing of bread or confectionery for despatch or delivery from an establishment, including the mass-measuring or addressing of packages;

"packer's assistant" means an employee, other than a general worker, who, under the supervision of an employee in receipt of a regular wage of not less than that prescribed in his area for a packer, is engaged in receiving, checking, assembling or packing bread or confectionery for despatch or delivery or mass-measuring or addressing packages;

"piece-work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity of work done;

"senior managerial or administrative employee" means an employee who is charged by his employer with the performance of work entailing responsibility for taking decisions of a professional, technical or administrative character in the conduct of the activities of an establishment;

"shift" means a group of employees who work together in making bread or confectionery in an establishment during any number of hours which, except for meal intervals, are consecutive;

"shift worker" means an employee who is part of a group constituting a shift and includes a packer, packer's assistant and a storeman;

"short-time" means a temporary reduction in the number of ordinary hours of work owing to slackness of trade, shortage of raw materials or a breakdown of plant or machinery or a breakdown or threatened breakdown of buildings;

"storeman" means an employee who is responsible for receiving, storing or issuing articles or materials used in an establishment in the making of bread or confectionery;

"technical or professional employee" means an employee who is charged by his employer with the performance of work of a technical or professional character;

"unladen mass" means the mass of any motor vehicle or trailer as recorded in a licence or certificate issued in respect of such motor vehicle or trailer by any authority empowered by law to issue licences in respect of motor vehicles: Provided that

(an) beskadigde oppervlakke van motorvoertuigbakke met skuurpapier afvryf voordat dit geverf word of sulke oppervlakke poleer nadat dit geverf is;
(ao) meelblom meganies sif;
(ap) deeg meganies uitkantel;
(aq) meelblom in 'n meganiese sif uitgooi;
(ar) bestelwabediende se assistent;
(as) brood of banket was of verf;
(at) volgens 'n gestelde skaal massameet of volgens 'n gestelde maat meet;
(au) etikette om pasteie draai, individuele produkte van 'n bedryfsinrigting toedraai of sulke toegedraaide produkte verseël;

en omvat dit 'n werknemer wat nie uitdruklik elders in hierdie klousule genoem word nie;

"faktotum" 'n werknemer wat kleinere herstelwerk of verstellings doen aan masjinerie of uitrusting, uitgesonderd masjinerie of uitrusting wat regstreeks by die vervaardiging van die produkte van 'n bedryfsinrigting gebruik word, of wat masjinerie of uitrusting verf en wat kleinere herstel- of opknappingswerk aan geboue kan doen, maar wat nie die werk verrig wat 'n ambagsman gewoonlik verrig nie;

"inspekteur" 'n werknemer wat oor die werk van twee of meer bestelwabediendes toesig hou;

"wet" ook die gemene reg;

"opgemaakte bestelling" 'n volledige eenheid wat vanuit 'n bedryfsinrigting afgelewer word ooreenkomstig of gedeeltelik ooreenkomstig 'n bestelling wat regstreeks deur 'n klant persoonlik of per telefoon of briefie by die bedryfsinrigting geplaas is;

"bestuurder" 'n werknemer wat deur sy werkgewer belas is met die algemene—

(a) toesig oor;
(b) verantwoordelikheid vir; en
(c) leiding van;

die werksaamhede van 'n bedryfsinrigting en die werknemers wat daarin werk;

"motorvoertuig" 'n kragaangedrewe voertuig met 'n enjin kapasiteit van meer as 50 cm³ wat vir die vervoer van goedere gebruik word en omvat dit ook 'n voorhaker en 'n trekker;

"oortyd" daardie gedeelte van enige tydperk wat 'n werknemer gedurende 'n week of op 'n dag, na gelang van die geval, vir sy werkgewer werk en wat langer is as die onderskeie gewone werkure in klousule 5 (1) of (2) vir sodanige werknemer voorgeskryf, maar omvat dit nie 'n tydperk waarin—

(a) 'n werknemer, uitgesonderd 'n skofwerker, op 'n Sondag vir sy werkgewer werk nie;
(b) 'n skofwerker gedurende sy vry periode vir sy werkgewer werk nie;

"verpakker" 'n werknemer wat beheer het oor die ontvang, nagaan, versamel of verpakking van brood of banket vir versending of aflewering vanuit 'n bedryfsinrigting, met inbegrip van die massameet of adresseer van pakkette;

"verpakkersassistent" 'n werknemer, uitgesonderd 'n algemene werker, wat onder die toesig van 'n werknemer wat 'n gereelde loon ontvang van minstens dié wat in sy gebied vir 'n verpakker voorgeskryf word, brood of banket vir versending of aflewering ontvang, nagaan, versamel of verpak of pakkette massameet of adresseer;

"stukwerk" 'n stelsel waarvolgens 'n werknemer se besoldiging gegrond word op die hoeveelheid werk wat verrig is;

"senior bestuurs- of administratiewe werknemer" 'n werknemer wat in opdrag van sy werkgewer werk verrig wat verantwoordelikheid meebring vir die neem van besluite van 'n professionele, tegniese of administratiewe aard by die uitvoering van die werksaamhede van die bedryfsinrigtng;

"skof" 'n groep werknemers wat saamwerk by die maak van brood of banket in 'n bedryfsinrigting gedurende enige aantal ure wat, behalwe wat etenspouses betref, aaneenlopend is;

"skofwerker" 'n werknemer wat deel van 'n groep is waaruit 'n skof bestaan en omvat dit ook 'n verpakker, 'n verpakkersassistent en 'n magasynman;

"korttyd" 'n tydelike vermindering van die getal gewone werkure weens 'n slapte in die bedryf, 'n tekort aan grondstowwe of 'n onklaarraking van installasie of masjinerie of weens die feit dat die geboue onbruikbaar is of dreig om dit te word;

"magasynman" 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die ontvang, opberging of uitreiking van artikels of materiaal wat in 'n bedryfsinrigting vir die maak van brood of banket gebruik word;

"tegniese of professionele werknemer" 'n werknemer wat in opdrag van sy werkgewer werk van 'n tegniese of professionele aard verrig;

"onbelaste massa" die massa van 'n motorvoertuig of sleepwa soos aangegee in 'n lisensie of sertifikaat wat ten opsigte van so 'n motorvoertuig of sleepwa uitgereik is deur 'n owerheid wat by wet gemagtig is om lisensies ten opsigte van motorvoertuie

in the case of a two or three-wheeled motor cycle, motor scooter or autocycle or cycle fitted with an auxiliary engine of a capacity exceeding 50 cm³ the unladen mass shall be deemed not to exceed 450 kg;

"van" means any animal-drawn vehicle or any motor vehicle used for the conveyance of bread or confectionery;

"vanman" means an employee—

(a) who is in charge of a van on a round; or

(b) who sells bread or confectionery from a van or canvasses orders for the sale of bread or confectionery; and

(c) who is responsible for cash received from such sale of bread or confectionery;

and who may deliver bread or confectionery from a van and drive the van;

"vanman's assistant" means an employee who, under the supervision of a vanman, is engaged in delivering or selling bread or confectionery from a van, but who does not drive a van;

"wage" means the amount of money payable to an employee in terms of clause 3 (1) in respect of his ordinary hours of work as prescribed in clause 5: Provided that—

(a) if an employer regularly pays an employee in respect of such ordinary hours of work an amount higher than that prescribed in clause 3 (1), it means such higher amount;

(b) the first proviso shall not be so construed as to refer to or include any remuneration which an employee who is employed on any basis provided for in clause 9, receives over and above the amount which he would have received had he not been employed on such a basis;

"watchman" means an employee who is engaged in guarding premises or property;

"work-day", except in relation to a watchman, means any day, other than a Sunday or a public holiday, on which an employee normally works.

(2) For the purposes of this Determination an employee shall be deemed to be in that class in which he is wholly or mainly engaged.

3. REMUNERATION

(1) The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out hereunder:

(a) *Employees other than casual employees:*

uit te reik: Met dien verstande dat in die geval van 'n twee- of driewielmotorfiets, bromponie of bromfiets of trapfiets met hulpmotor met 'n enjinkapasiteit van meer as 50 cm³ die onbelaste massa geag word hoogstens 450 kg te wees;

"bestelwa" 'n dierevoertuig of 'n motorvoertuig wat gebruik word vir die vervoer van brood of banket;

"bestelwabediende" 'n werknemer wat—

(a) in beheer is van 'n bestelwa op 'n ronde; of

(b) brood of banket uit 'n bestelwa verkoop of bestellings vir die verkoop van brood of banket werf; en

(c) aanspreeklik is vir die kontant wat vir sodanige verkoop van brood of banket ontvang word;

en wat brood of banket uit 'n bestelwa kan aflewer en die bestelwa kan dryf;

"bestelwabediende se assistent" 'n werknemer wat onder die toesig van 'n bestelwabediende brood of banket uit 'n bestelwa aflewer of verkoop maar wat nie 'n bestelwa dryf nie;

"loon" die bedrag geld wat ingevolge klousule 3 (1) aan 'n werknemer betaalbaar is ten opsigte van sy gewone werkure soos by klousule 5 voorgeskryf: Met dien verstande dat—

(a) as 'n werkgewer 'n werknemer ten opsigte van sodanige werkure gereeld 'n hoër bedrag betaal as dié by klousule 3 (1) voorgeskryf, dit sodanige hoër bedrag beteken;

(b) die eerste voorbehoudsbepaling nie so uitgelê mag word nie dat dit besoldiging bedoel of omvat wat 'n werknemer wat in diens is op enige grondslag waarvoor daar in klousule 9 voorsiening gemaak word, ontvang bo en behalwe die bedrag wat hy sou ontvang het as hy nie op sodanige grondslag in diens was nie;

"wag" 'n werknemer wat 'n perseel of eiendom bewaak;

"werkdag", behalwe met betrekking tot 'n wag, enige dag, uitgesonderd 'n Sondag of 'n openbare vakansiedag, waarop 'n werknemer gewoonlik werk.

(2) By die toepassing van hierdie Vasstelling word 'n werknemer geag in dié klas te wees waarin hy uitsluitlik of hoofsaaklik werksaam is.

3. BESOLDIGING

(1) Die minimum loon wat 'n werkgewer aan elke lid van ondergenoemde klasse werknemers in sy diens moet betaal, is dié hieronder uiteengesit:

(a) *Werknemers uitgesonderd los werknemers:*

	In the municipal areas of Bloemfontein and Kimberley and the Magisterial District of Pietermaritzburg		In the municipal areas of Kroonstad, Odendaalsrus and Welkom and the Village Management Board Area of Virginia		In the municipal areas of Barkly West and Howick and the Town Board Area of Richmond (Natal)	
	(aa) Per week	(ab) Per week	(aa) Per week	(ab) Per week	(aa) Per week	(ab) Per week
	R	R	R	R	R	R
Artisan	68,08	71,76	61,64	64,63	56,58	58,42
Baker	45,54	49,22	40,94	44,39	38,41	39,56
Baker's assistant—						
during the first three months of experience	22,08	24,61	19,78	22,08	17,71	19,78
thereafter	23,92	26,91	21,62	24,15	19,09	21,62
Clerk, female—						
during the first year of experience	24,23	26,54	21,69	23,89	20,31	21,46
during the second year of experience	26,42	28,85	23,77	25,96	22,15	23,31
during the third year of experience	28,62	31,15	25,85	28,04	24,00	25,15
during the fourth year of experience	30,81	33,46	27,92	30,12	25,85	27,00
thereafter	33,00	35,77	30,00	32,19	27,69	28,85
Clerk, male—						
during the first year of experience	25,38	28,04	22,85	25,38	21,92	23,08
during the second year of experience	30,46	33,23	27,46	30,00	26,08	27,23
during the third year of experience	35,54	38,42	32,08	34,62	30,23	31,38
during the fourth year of experience	40,62	43,62	36,69	39,23	34,38	35,54
during the fifth year of experience	45,69	48,81	41,31	43,85	38,54	39,69
thereafter	50,77	54,00	45,92	48,46	42,69	43,85
Counterhand, female—						
during the first year of experience	21,92	24,00	20,31	21,69	18,23	19,38
during the second year of experience	24,00	26,08	22,15	23,54	19,85	21,00
during the third year of experience	26,08	28,15	24,00	25,38	21,46	22,62
thereafter	28,15	30,23	25,85	27,23	23,08	24,23
Counterhand, male—						
during the first year of experience	22,85	25,15	20,54	22,62	19,15	20,31
during the second year of experience	27,23	29,77	24,46	26,54	22,73	23,89
during the third year of experience	31,62	33,92	28,38	30,46	26,31	27,46
during the fourth year of experience	36,00	38,31	32,31	34,38	29,88	31,04
thereafter	40,38	42,69	36,23	38,31	33,46	34,62
Delivery employee, grade A	21,16	23,23	19,09	20,93	17,02	18,63
Delivery employee, grade B	19,09	21,16	17,25	19,09	15,18	17,02

	In the municipal areas of Bloemfontein and Kimberley and the Magisterial District of Pietermaritzburg		In the municipal areas of Kroonstad, Odendaalsrus and Welkom and the Village Management Board Area of Virginia		In the municipal areas of Barkly West and Howick and the Town Board Area of Richmond (Natal)	
	(aa) Per week	(ab) Per week	(aa) Per week	(ab) Per week	(aa) Per week	(ab) Per week
	R	R	R	R	F	R
Driver of a motor vehicle the unladen mass of which, together with the unladen mass of any trailer or trailers drawn by such vehicle—						
(i) does not exceed 450 kg	21,16	23,23	19,09	20,93	17,02	18,63
(ii) exceeds 450 kg but not 2 700 kg	27,37	29,44	24,61	26,45	21,85	23,69
(iii) exceeds 2 700 kg	33,58	35,65	30,13	31,97	26,68	28,75
Foreman baker	68,08	71,76	61,64	64,63	56,58	58,42
General worker—						
Female	14,72	16,33	13,34	16,33	11,50	13,34
Male, 18 years of age or over	18,50	20,50	16,50	18,50	14,50	16,50
Male, under 18 years of age	13,80	15,41	12,42	15,41	10,81	12,42
Handyman	28,75	31,28	26,45	28,29	23,92	25,30
Inspector	48,53	52,21	43,70	46,92	40,71	41,86
Packer	45,54	49,22	40,94	44,39	38,41	39,56
Packer's assistant	20,24	22,54	18,17	20,24	16,10	18,17
Storeman	45,54	49,22	40,94	44,39	38,41	39,56
Vanman	43,93	46,92	39,56	42,32	36,57	37,72
Watchman	20,24	22,54	18,17	20,24	16,10	18,17

(aa) During the first 12 months after this Determination becomes binding.
(ab) Thereafter.

	In die munisipale gebiede van Bloemfontein en Kimberley en die landdrosdistrik Pietermaritzburg		In die munisipale gebiede van Kroonstad, Odendaalsrus en Welkom en die dorpsbestuurgebied van Virginia		In die munisipale gebiede van Barkly-Wes en Howick en die dorpsraadgebied van Richmond (Natal)	
	(aa) Per week	(ab) Per week	(aa) Per week	(ab) Per week	(aa) Per week	(ab) Per week
	R	R	R	R	R	R
Ambagsman	68,08	71,76	61,64	64,63	56,58	58,42
Bakker	45,54	49,22	40,94	44,39	38,41	39,56
Bakkersassistent—						
gedurende die eerste drie maande ondervinding	22,08	24,61	19,78	22,08	17,71	19,78
daarna	23,92	26,91	21,62	24,15	19,09	21,62
Klerk, vrou—						
gedurende die eerste jaar ondervinding	24,23	26,54	21,69	23,89	20,31	21,46
gedurende die tweede jaar ondervinding	26,42	28,85	23,77	25,96	22,15	23,31
gedurende die derde jaar ondervinding	28,62	31,15	25,85	28,04	24,00	25,15
gedurende die vierde jaar ondervinding	30,81	33,46	27,92	30,12	25,85	27,00
daarna	33,00	35,77	30,00	32,19	27,69	28,85
Klerk, man—						
gedurende die eerste jaar ondervinding	25,38	28,04	22,85	25,38	21,92	23,08
gedurende die tweede jaar ondervinding	30,46	33,23	27,46	30,00	26,08	27,23
gedurende die derde jaar ondervinding	35,54	38,42	32,08	34,62	30,23	31,38
gedurende die vierde jaar ondervinding	40,62	43,62	36,69	39,23	34,38	35,54
gedurende die vyfde jaar ondervinding	45,69	48,81	41,31	43,85	38,54	39,69
daarna	50,77	54,00	45,92	48,46	42,69	43,85
Toonbankbediener, vrou—						
gedurende die eerste jaar ondervinding	21,92	24,00	20,31	21,69	18,23	19,38
gedurende die tweede jaar ondervinding	24,00	26,08	22,15	23,54	19,85	21,00
gedurende die derde jaar ondervinding	26,08	28,15	24,00	25,38	21,46	22,62
daarna	28,15	30,23	25,85	27,23	23,08	24,23
Toonbankbediener, man—						
gedurende die eerste jaar ondervinding	22,85	25,15	20,54	22,62	19,15	20,31
gedurende die tweede jaar ondervinding	27,23	29,77	24,46	26,54	22,73	23,89
gedurende die derde jaar ondervinding	31,62	33,92	28,38	30,46	26,31	27,46
gedurende die vierde jaar ondervinding	36,00	38,31	32,31	34,38	29,88	31,04
daarna	40,38	42,69	36,23	38,31	33,46	34,62
Besteller, graad A	21,16	23,23	19,09	20,93	17,02	18,63
Besteller, graad B	19,09	21,16	17,25	19,09	15,18	17,02
Drywer van 'n motorvoertuig waarvan die onbelaste massa, tesame met die onbelaste massa van enige sleepwa of sleepwaens wat deur sodanige voertuig getrek word—						
(i) hoogstens 450 kg is	21,16	23,23	19,09	20,93	17,02	18,63
(ii) meer as 450 kg maar hoogstens 2 700 kg is	27,37	29,44	24,61	26,45	21,85	23,69
(iii) meer as 2 700 kg is	33,58	35,65	30,13	31,97	26,68	28,75
Voormanbakker	68,08	71,76	61,64	64,63	56,58	58,42
Algemene werker:						
Vrou	14,72	16,33	13,34	16,33	11,50	13,34
Man, 18 jaar oud of ouer	18,50	20,50	16,50	18,50	14,50	16,50
Man, onder 18 jaar	13,80	15,41	12,42	15,41	10,81	12,42
Faktotum	28,75	31,28	26,45	28,29	23,92	25,30
Inspekteur	48,53	52,21	43,70	46,92	40,71	41,86

	In die munisipale gebiede van Bloemfontein en Kimberley en die landdrosdistrik Pietermaritzburg		In die munisipale gebiede van Kroonstad, Odendaalsrus en Welkom en die dorpsbestuurgebied van Virginia		In die munisipale gebiede van Barkly-Wes en Howick en die dorpsraadgebied van Richmond (Natal)	
	(aa) Per week	(ab) Per week	(aa) Per week	(ab) Per week	(aa) Per week	(ab) Per week
	R	R	R	R	R	R
Verpakker	45,54	49,22	40,94	44,39	38,41	39,56
Verpakkersassistent	20,24	22,54	18,17	20,24	16,10	18,17
Magasynman	45,54	49,22	40,94	44,39	38,41	39,56
Bestelwabediende	43,93	46,92	39,56	42,32	36,57	37,72
Wag	20,24	22,54	18,17	20,24	16,10	18,17

(aa) Gedurende die eerste 12 maande nadat hierdie Vasstelling bindend word.
(ab) Daarna.

(b) *Casual employees.*—A casual employee shall be paid in respect of every day or part of a day of employment not less than one fifth of the weekly wage prescribed for an employee in the same area and of the same sex who performs the same class of work as the casual employee is required to do: Provided that—

(i) where the employer requires a casual employee to perform the work of a class of employee for whom wages on a rising scale are prescribed, the expression "weekly wage" shall mean the weekly wage prescribed for a qualified employee of that class;

(ii) where the employer requires a casual employee to work for a period of not more than four consecutive hours on any day, his wage may be reduced by not more than 50 per cent.

(2) *Basis of contract.*—For the purposes of this clause the contract of employment of an employee, other than a casual employee shall be on a weekly basis and, save as provided in clause 4 (6), an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in subclause (1), read with subclause (3), for an employee of his class in the area in which he works, whether he has in that week worked the maximum number of ordinary hours of work applicable to him in terms of clause 5 or less.

3. *Differential wage.*—An employer who requires or permits a member of one class of his employees to perform for longer than one hour in the aggregate on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor, work of another class for which either—

(a) a wage higher than that of his own class; or

(b) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class;

is prescribed in subclause (1), shall pay to such employee in respect of that day—

(i) in the case referred to in paragraph (a), not less than the daily wage calculated at the higher rate; and

(ii) in the case referred to in paragraph (b), not less than the daily wage calculated on the notch in the rising scale immediately above the wage the employee was receiving for his ordinary work:

Provided that—

(i) this subclause shall not apply where the difference between classes in terms of subclause (1) is based on age, experience or sex;

(ii) unless expressly otherwise provided in a written contract between an employer and his employee, nothing in this Determination shall be so construed as to preclude an employer from requiring his employee to perform work of another class for which class the prescribed wage is the same as or lower than that prescribed for such employee;

(iii) a driver or delivery employee who on any day sells bread or confectionery or canvasses for orders for the sale of bread or confectionery or a vanman's assistant who on any day canvasses for orders for the sale of bread or confectionery shall for that day be deemed to be a vanman and his employer shall pay him for such day a wage of not less than the daily wage prescribed for a vanman, irrespective of whether such selling or canvassing occupied longer or less than one hour;

(iv) a vanman's assistant who on any day drives a van shall for that day be deemed to be a driver and his employer shall pay him for such day a wage of not less than the daily wage prescribed for a driver, with due regard to the unladen mass of the van, irrespective of whether such driving occupied longer or less than one hour.

(b) *Los werknemer.*—'n Los werknemer moet vir elke dag of gedeelte van 'n dag diens minstens een vyfde betaal word van die weekloon voorgeskryf vir 'n werknemer in dieselfde gebied en van dieselfde geslag wat dieselfde klas werk verrig as dié wat van die los werknemer vereis word: Met dien verstande dat—

(i) waar die werkgewer van 'n los werknemer vereis om die werk te verrig van 'n klas werknemer vir wie 'n loon teen 'n stygende skaal voorgeskryf word, die uitdrukking "weekloon" beteken die weekloon wat vir 'n gekwalifiseerde werknemer van daardie klas voorgeskryf word;

(ii) waar die werkgewer van 'n los werknemer vereis om vir 'n tydperk van hoogstens vier agtereenvolgende ure op enige dag te werk, sy loon met hoogstens 50 persent verminder kan word.

(2) *Kontrakgrondslag.*—By die toepassing van hierdie klousule moet die dienskontrak van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, op 'n weeklikse grondslag berus en, behoudens klousule 4 (6), moet 'n werknemer vir 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat by subklousule (1), gelees met subklousule (3), vir 'n werknemer van sy klas in die gebied waarin hy werk, voorgeskryf word, afgesien daarvan of hy in so 'n week die maksimum getal gewone werkure wat ingevolge klousule 5 vir hom geld, of minder, gewerk het.

(3) *Differensiële loon.*—'n Werkgewer wat van 'n lid van een klas van sy werknemers vereis of hom toelaat om vir langer as altesaam een uur op 'n dag òf benewens sy eie werk òf in die plek daarvan werk van 'n ander klas te verrig waarvoor òf—

(a) 'n hoër loon as dié van sy eie klas; òf

(b) 'n stygende loonskaal wat uitloop op 'n hoër loon as dié van sy eie klas;

by subklousule (1) voorgeskryf word, moet ten opsigte van daardie dag aan sodanige werknemer betaal—

(i) in die geval in paragraaf (a) bedoel, minstens die dagloon bereken teen die hoër tarief; en

(ii) in die geval in paragraaf (b) bedoel, minstens die dagloon bereken op dié kerf in die stygende skaal onmiddellik bokant die loon wat die werknemer vir sy gewone werk ontvang het:

Met dien verstande dat—

(i) hierdie subklousule nie geld nie wanneer die verskil tussen die klasse ingevolge subklousule (1) op ouderdom, ondervinding of geslag berus;

(ii) tensy daar in 'n skriftelike kontrak tussen 'n werkgewer en sy werknemer uitdruklik anders bepaal word, niks in hierdie Vasstelling só uitgelê mag word dat dit 'n werkgewer belet om van sy werknemer te vereis om 'n ander klas werk te verrig waarvoor die voorgeskrewe loon dieselfde of laer is as dié wat vir so 'n werknemer voorgeskryf word nie;

(iii) 'n drywer van 'n motorvoertuig of besteller wat op enige dag brood of banket verkoop of bestellings werf vir die verkoop van brood of banket of 'n bestelwabediende se assistent wat op enige dag bestellings werf vir die verkoop van brood of banket, vir daardie dag 'n bestelwabediende geag word en dat sy werkgewer hom vir sodanige dag minstens die dagloon moet betaal wat vir 'n bestelwabediende voorgeskryf word, ongeag of sodanige verkoop of werwing langer of korter as een uur geduur het;

(iv) 'n bestelwabediende se assistent wat op enige dag 'n bestelwa dryf, vir daardie dag 'n drywer van 'n motorvoertuig geag word en dat sy werkgewer hom vir sodanige dag minstens die dagloon moet betaal wat vir 'n drywer van 'n motorvoertuig voorgeskryf word, met behoorlike inagneming van die onbelaste massa van die bestelwa, ongeag of sodanige dryfwerk langer of korter as een uur geduur het.

(4) *Calculation of wages.*—(a) The hourly wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by the number of ordinary hours of work prescribed for such employee in any week.

(b) The daily wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by—

(i) five, in the case of an employee who normally works a five-day week;

(ii) six, in the case of any other employee.

(c) The monthly wage of an employee shall be four and a third times his weekly wage.

(5) *Bicycle allowance.*—An employer who requires an employee to use his own bicycle in the performance of his duties shall pay him, in addition to any other remuneration due to him, an allowance of not less than 75c per week or, if he is a casual employee, not less than 15c per day.

4. PAYMENT OF REMUNERATION

(1) *Employees other than casual employees.*—Save as provided in clause 6 (4), any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid in cash weekly, or with the consent of the employee in cash or by cheque monthly, during the hours of work or within 15 minutes of ceasing work, on the usual pay-day of the establishment for such employee (or in the case of a shift worker at a time agreed upon between such employee and his employer, which time shall be during the usual office hours of the establishment but not later than 24 hours after the usual pay-day) or on termination of employment if this takes place before the usual pay-day, and such amount shall be contained in a sealed envelope or container on which shall be recorded, or which shall be accompanied by a statement showing—

(a) the employer's name;

(b) the employee's name or his number on the pay-roll and his occupation;

(c) the number of ordinary hours of work worked by the employee;

(d) the number of overtime hours worked by the employee;

(e) the number of hours worked by the employee on a Sunday, a public holiday referred to in clause 8 (1) or during his free period;

(f) the employee's wage;

(g) the details of any other remuneration arising out of the employee's employment;

(h) the details of any deductions made;

(i) the actual amount paid to the employee; and

(j) the period in respect of which payment is made;

and such envelope or container on which these particulars are recorded or such statement shall become the property of the employee: Provided that—

(i) at the written request of an employee the amount due to him may be paid into his building society or bank account by his employer who shall hand to him the relevant receipt together with the aforementioned statement;

(ii) the aforementioned information relating to time worked need not be furnished in respect of an employee who is excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (10) (c).

(2) *Casual employee.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and lodging.*—Save as provided in the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration: Provided that he may make the following:

(a) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, sick benefit, insurance, savings, provident or pension funds, or subscriptions to trade unions;

(b) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;

(4) *Loonberekening.*—(a) Die uurloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur die getal gewone werkure wat vir so 'n werknemer in enige week voorgeskryf is.

(b) Die dagloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur—

(i) vyf, in die geval van 'n werknemer wat normaalweg vyf dae per week werk;

(ii) ses, in die geval van enige ander werknemer.

(c) Die maandloon van 'n werknemer is vier en 'n derde maal sy weekloon.

(5) *Fietstoelae.*—'n Werkgewer wat van 'n werknemer vereis om by die uitvoering van sy pligte sy eie feits te gebruik, moet hom, benewens enige ander besoldiging aan hom verskuldig, 'n toelae van minstens 75c per week of, as hy 'n los werknemer is, minstens 15c per dag betaal.

4. BETALING VAN BESOLDIGING

(1) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens klousule 6 (4), moet elke bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, maandeliks in kontant of per tjek betaal word gedurende die werkure, of binne 15 minute nadat die werk gestaak is, op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir so 'n werknemer (of in die geval van 'n skofwerker, op 'n tydstip waaroor sodanige werkgewer en sy werknemer ooreengekom het en wat gedurende die gewone kantoorure van die bedryfsinrigting moet wees, maar nie later nie as 24 uur na die gewone betaaldag) of by diensbeëindiging, as dit voor die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n verseëlde koevert of houer wees waarop, of wat vergesel gaan van 'n staat waarop, gemeld word—

(a) die werkgewer se naam;

(b) die werknemer se naam of sy nommer op die betaalstaat en sy beroep;

(c) die getal gewone werkure wat die werknemer gewerk het;

(d) die getal ure wat die werknemer oortyd gewerk het;

(e) die getal ure wat die werknemer op 'n Sondag, 'n openbare vakansiedag in klousule 8 (1) bedoel, of gedurende sy vry periode gewerk het;

(f) die werknemer se loon;

(g) besonderhede van enige ander besoldiging wat uit die werknemer se diens voortspruit;

(h) besonderhede van enige bedrag wat afgetrek is;

(i) die werklike bedrag wat aan die werknemer betaal word; en

(j) die tydperk waarvoor die betaling geskied;

en sodanige koevert of houer waarop hierdie inligting aangeteken is of sodanige staat word die eiendom van die werknemer: Met dien verstande dat—

(i) op die skriftelike versoek van die werknemer, die bedrag aan hom verskuldig gestort kan word op sy bouvereniging- of bankrekening deur die werkgewer wat die betrokke kwitansie, tesame met voornoemde staat, aan hom moet oorhandig;

(ii) voornoemde inligting betreffende tyd gewerk nie verstrek hoef te word aan 'n werknemer wat ingevolge klousule 5 (10) (e) van die werkurebepalings uitgesluit is nie.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan 'n los werknemer verskuldig is, by die beëindiging van sy diens in kontant aan hom betaal.

(3) *Premies.*—Geen bedrag mag regstreeks of onregstreeks vir die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aan 'n werkgewer betaal of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis om goedere van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, te koop nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behoudens die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om kos of inwoning of kos en inwoning van hom of van enigiemand anders of op 'n plek deur hom aangewys, aan te neem nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of enige bedrae van sy werknemer se besoldiging aftrek nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan aftrek:

(a) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, siektebystands-, versekerings-, spaar-, voorsorgs- of pensioenfonds, of vir ledegelde van vakverenigings;

(b) behoudens andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die loon wat sodanige werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het;

(c) a deduction of any amount which an employer by law or order of any competent court is required or pemitted to make;

(d) whenever an employer agrees or is required in terms of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board and lodging or board or lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder:

	Per week	*Per month*
	R	R
(i) Board	1,65	7,15
(ii) Lodging	0,85	3,68
(iii) Board and lodging	2,50	10,83;

(e) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction not exceeding the amount of the employee's (other than a casual employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided that—

(i) such deduction shall not exceed one third of the employee's weekly wage, irrespective of the number of hours by which the ordinary hours of work are thus reduced;

(ii) no deduction shall be made in the case of short-time arising out of slackness of trade or shortage of raw materials, unless the employer has given his employee notice on the previous work-day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(iii) no deduction shall be made in the case of short-time owing to a breakdown of plant or machinery or a breakdown or treatened breakdown of buildings, in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(f) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid or has undertaken to pay to any Bantu Affairs Administration Board in respect of the rent of any house or accommodation in any hostel occupied by such employee in any area under the control of such Board.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME

(1) *Ordinary hours of work.*— An employer shall not require or permit an employee, other than a casual employee, to work more ordinary hours of work than—

(a) in the case of a delivery employee, driver, inspector, vanman or a vanman's assistant—

(i) 48 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) eight on any day;

(b) in the case of any other employee who works a six-day week—

(i) 46 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i), nine on one day and eight on any of the remaining days of the week, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and one half;

(c) in the case of any other employee who works a five-day week—

(i) 46 in any week of five work-days between Monday and Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i) nine and one quarter on any day:

Provided that, in the case of a shift worker, an employer may require or permit him to work his ordinary hours of work, which shall not exceed 46 in any week from Sunday to Saturday inclusive.

(2) An employer shall not require or permit a casual employee to work more ordinary hours of work than eight and a half on any day.

(3) An employer shall not require or permit his delivery employee, driver, inspector, vanman or vanman's assistant to commence work earlier than 05h00 or to leave his employer's establishment for the sale or delivery of bread or confectionery earlier than 05h30 nor to work after 17h30 on any day, and such employee shall not, except through circumstances beyond his control such as an act of God or a breakdown of his vehicle, return to his employer's establishment later than 17h00 on any day: Provided that any such employee may be required or permitted—

(i) for the purpose of delivering bread or confectionery to a railway station for despatch by train or to a hospital;

(ii) during the period 20 to 31 December, inclusive;

(iii) on the Thursday immediately preceding Good Friday;

(c) enige bedrag wat 'n werkgewer regtens of kragtens of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof mag of moet aftrek;

(d) wanneer 'n werknemer daartoe instem of daar ingevolge die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, van hom vereis word om kos en inwoning of kos of inwoning van sy werkgewer aan te neem, 'n bedrag van hoogstens—

	Per week	*Per maand*
	R	R
(i) Kos	1,65	7,15
(ii) Inwoning	0,85	3,68
(iii) Kos en inwoning	2,50	10,83;

(e) wanneer die gewone werkure by klousule 5 voorgeskryf, weens korttyd verminder word, 'n bedrag van hoogstens die werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer) se uurloon vir elke uur van sodanige vermindering: Met dien verstande dat—

(i) sodanige aftrekking hoogstens een derde van die werknemer se weekloon is, ongeag die getal ure waarmee die gewone werkure aldus verminder word;

(ii) geen aftrekking ten opsigte van korttyd wat deur 'n slapte in die bedryf of 'n tekort aan grondstowwe ontstaan, geskied nie tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure te verminder;

(iii) geen aftrekking ten opsigte van korttyd geskied nie vir die eerste uur waarin daar nie gewerk word nie weens 'n onklaarraking van masjinerie of installasie of weens die feit dat die gebou onbruikbaar is of dreig om dit te word, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk sal wees nie;

(f) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, enige bedrag wat 'n werkgewer betaal het of onderneem het om te betaal aan 'n Bantoesake-administrasieraad ten opsigte van die huur van 'n huis of vir huisvesting in 'n tehuis wat die werknemer in enige gebied onder die beheer van so 'n raad bewoon.

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD-, EN BETALING VIR OORTYDWERK

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as—

(a) in die geval van 'n besteller, drywer van 'n motorvoertuig, inspekteur, bestelwabediende of 'n bestelwabediende se assistent—

(i) 48 in enige week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) agt op enige dag;

(b) in die geval van enige ander werknemer wat ses dae in 'n week werk—

(i) 46 in enige week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i), nege op een dag en agt op enige van die oorblywende dae van die week, tensy die ure op een dag hoogstens vyf is, in welke geval die ure op enigeen van die oorblywende dae tot agt en 'n half verleng kan word;

(c) in die geval van enige ander werknemer wat vyf dae in 'n week werk—

(i) 46 in enige week van vyf werkdae tussen Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i), nege en 'n kwart op enige dag:

Met dien verstande dat, in die geval van 'n skofwerker, 'n werkgewer van hom kan vereis of hom kan toelaat om sy gewone werkure te werk wat hoogstens 46 in enige week van Maandag tot en met Saterdag mag wees.

(2) 'n Werkgewer mag nie van 'n los werknemer vereis of hom toelaat om meer gewone werkure as agt en 'n half op 'n dag te werk nie.

(3) 'n Werkgewer mag nie van sy besteller, bestuurder van 'n motorvoertuig, inspekteur, bestelwabediende of bestelwabediende se assistent vereis of hom toelaat om voor 05h00 te begin werk of om sy werkgewer se bedryfsinrigting vir die verkoop of aflewering van brood of banket voor 05h30 te verlaat of om na 17h30 op enige dag te werk nie, en sodanige werknemer mag nie, behalwe weens omstandighede buite sy beheer soos 'n natuurramp of 'n onklaarraking van sy voertuig, na 17h00 op enige dag na sy werkgewer se bedryfsinrigting terugkeer nie: Met dien verstande dat daar van sodanige werknemer vereis of hy toegelaat kan word om—

(i) vir die doel om brood of banket op 'n spoorwegstasie vir versending per trein of by 'n hospitaal af te lewer;

(ii) gedurende die tydperk 20 tot en met 31 Desember;

(iii) op die Donderdag onmiddellik voor Goeie Vrydag;

(iv) for a period not exceeding one week in any year during the holding of an agricultural show;
(v) on a Saturday;

to commence work at 04h30 and to leave his employer's establishment at 05h00.

(4) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit his employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than half an hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(i) periods of work interrupted by intervals of less than half an hour, except when proviso (iv) aplies, shall be deemed to be continuous;
(ii) if such interval be longer than half an hour, any period in excess of one hour shall be deemed to be time worked;
(iii) only one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall not form part of the ordinary hours of work;
(iv) when on any day by reason of overtime work an employer is required to give an employee a second meal interval, such interval may be reduced to not less than 15 minutes;
(v) a driver who during such interval does no work other than being or remaining in charge of his motor vehicle shall be deemed for the purposes of this subclause not to have worked during such interval.

(5) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in subclause (4), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(6) *Limitation of overtime.*—An employer shall not require or permit his employee to work overtime for more than—

(a) in the case of a casual employee, two hours on any day;
(b) in the case of any other employee, 10 hours in any week:

Provided that during the week commencing on the Monday preceding Easter Monday and the period from 12 to 31 December, inclusive, in any year, the daily and weekly limitations of overtime may be exceeded by one hour and five hours, respectively.

(7) *Female employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(a) between 18h00 and 06h00;
(b) after 13h00 on more than five days a week;
(c) overtime for more than two hours on any day except that an employee who works a five-day week may work up to four hours' overtime on a Saturday, but so that 10 hours' overtime is not exceeded in any week;
(d) overtime on more than three consecutive days in any week;
(e) overtime on more than 60 days in any year;
(f) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—

(i) before midday given notice thereof to such employee; or
(ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or
(iii) paid such employee not less than 45c in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(8) *Payment for overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(a) in the case of a casual employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;
(b) in the case of other employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee in any week:

Provided that an employer, who requires or permits his employee to work excess overtime in accordance with the proviso to subclause (6), shall pay such employee in respect of such excess overtime at a rate of not less than one and one-half times his ordinary wage.

(9) *Free period.*—An employer shall grant to each of his shift workers a free period of not less than 24 consecutive hours in every week but, if an employer require or permits such an employee to work during his free period the hours worked shall not form part of the ordinary hours of work prescribed in subclause (1).

(iv) vir 'n tydperk van hoogstens een week in enige jaar gedurende 'n landbouskou;
(v) op 'n Saterdag;

om 04h30 te begin werk en om sy werkgewer se bedryfsinrigting om 05h00 te verlaat.

(4) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer as vyf uur aaneen sonder 'n etenspouse van minstens 'n halfuur te werk nie, en gedurende sodanige pouse mag daar nie van sodanige werknemer vereis word of mag hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse maak nie deel van die gewone werkure of oortydure uit nie: Met dien verstande dat—

(i) werktydperke wat deur pouses van minder as 'n halfuur onderbreek word, uitgesonderd waar voorbehoudsbepaling (iv) van toepassing is, geag word aaneenlopend te wees;
(ii) as sodanige pouse langer as 'n halfuur is, enige tyd wat een uur te bowe gaan, geag word werktyd te wees;
(iii) alleenlik een sodanige pouse gedurende 'n werknemer se gewone werkure op 'n dag nie deel van die gewone werkure mag uitmaak nie;
(iv) wanneer daar, vanweë oortyd wat gewerk is, van 'n werkgewer vereis word om op enige dag 'n tweede etenspouse aan 'n werknemer toe te staan, sodanige pouse tot minstens 15 minute verkort mag word;
(v) 'n drywer van 'n motorvoertuig wat gedurende sodanige pouse geen ander werk verrig as om in beheer van die voertuig te wees of te bly nie, by die toepassing van hierdie subklousule geag word nie gedurende sodanige pouse te gewerk het nie.

(5) *Werkure moet agtereenvolgend wees.*—Behoudens subklousule (4), moet alle werkure van 'n werknemer op elke dag agtereenvolgend wees.

(6) *Beperking van oortydwerk.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om langer oortyd te werk nie as—

(a) in die geval van 'n los werknemer, twee uur op 'n dag;
(b) in die geval van enige ander werknemer, 10 uur in 'n week:

Met dien verstande dat die daaglikse en weeklikse beperkings van oortyd gedurende die week beginnende op die Maandag voor Paasmaandag en die tydperk van 12 tot en met 31 Desember in enige jaar met onderskeidelik een uur en vyf uur verleng mag word.

(7) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, mag 'n werkgewer nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(a) tussen 18h00 en 06h00 te werk nie;
(b) op meer as vyf dae in 'n week na 13h00 te werk nie;
(c) meer as twee uur oortyd op 'n dag te werk nie, behalwe dat 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, op 'n Saterdag tot vier uur oortyd mag werk, maar dan só dat die oortydwerk hoogstens 10 uur in enige week is;
(d) op meer as drie agtereenvolgende dae in 'n week oortyd te werk nie;
(e) op meer as 60 dae in 'n jaar oortyd te werk nie;
(f) na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op 'n dag oortyd te werk nie, tensy hy—

(i) sodanige werknemer voor die middag kennis daarvan gegee het; of
(ii) sodanige werknemer van 'n toereikende ete voorsien en haar genoeg tyd gelaat het om dit te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin; of
(iii) sodanige werknemer minstens 45c betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin.

(8) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen minstens—

